basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V3

## 2023

**PUNTE: 80**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (40) |
| AFDELING B: | Lang transaksionele teks | (20) |
| AFDELING C: | Kort transaksionele teks | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. BEPLANNING, REDIGERING EN PROEFLEES:

   - Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees.
   - Gebruik, byvoorbeeld 'n kopkaart, vloeidiagram, sleutelwoorde, ens. vir jou beplanning.
   - Doen elke keer beplanning VOORDAT jy die finale produk skryf.
   - Dui die beplanning duidelik aan.
   - TREK 'N STREEP DEUR DIE BEPLANNING NADAT JY DIE FINALE PRODUK GESKRYF HET.

6. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 75 minute |
| AFDELING B: | 38 minute |
| AFDELING C: | 37 minute |

7. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

8. Skryf die vraagnommer en die titel neer.

9. Skryf jou eie titel neer as jy oor 'n prent (VRAAG 1.5, 1.6, 1.7 of 1.8) skryf.

10. Moenie die titel bytel wanneer jy die aantal woorde tel nie.

11. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: OPSTEL

Skryf 'n opstel van 200–250 woorde oor EEN van die onderwerpe in VRAAG 1.1 tot 1.8. Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan. By VRAAG 1.5, 1.6, 1.7 OF 1.8 moet jy jou eie TITEL gee. Jou opstel moet met die prent verband hou.

## VRAAG 1

### 1.1 EK HET LEKKER VERJAAR!

'n Verjaarsdag is 'n baie spesiale dag in 'n mens se lewe.

Skryf 'n **opstel** en vertel van jou lekker verjaarsdag.

Dink aan die volgende:

- Hoe oud was jy?
- Wat het jy op jou verjaarsdag gedoen?
- Waar het jy jou verjaarsdag gehou en wie was daar?
- Watter geskenke het jy gekry? **[40]**

### 1.2 DIT IS WIE EK IS

Skryf 'n **opstel** en vertel van jouself.

Dink aan die volgende:

- Hoe lyk jy?
- Waarvan hou jy van jouself?
- Waarvan hou jy nie van jouself nie?
- Wat sou jy verander as jy kan? **[40]**

### 1.3 TOE EK BY DIE HUIS KOM …

Eendag toe jy by die huis kom, het daar iets gebeur.

Skryf 'n **opstel** en vertel wat daardie dag gebeur het.

Dink aan die volgende:

- Wanneer het dit gebeur?
- Wat het gebeur?
- Hoe het dit jou laat voel?
- Wat het daarna gebeur? **[40]**

1.4 **LEEF GESOND**

Dit is baie belangrik om gesond *(healthy)* te leef.

Skryf 'n **opstel** en vertel hoe om gesond te leef.

Dink aan die volgende:

- Hoekom is dit nodig om gesond te leef?
- Watter soorte kos is goed vir jou en watter kos is nie goed vir jou nie?
- Watter oefening moet jy doen?
- Wat kan jy nog doen om gesond te leef? **[40]**

1.5



[Uit: missearthsa.co.za] **[40]**

1.6



[Uit: gettyimages.com] **[40]**

1.7



[Uit: photolia.com] **[40]**

1.8



[Uit: Google images.com] **[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

Skryf 80–100 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

### VRAAG 2

2.1 **VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Jy het baie planne vir jou toekoms na hierdie eksamen.

Skryf 'n **vriendskaplike brief** aan jou maat. Vertel vir jou maat wat jou toekomsplanne is.

Dink aan die volgende:

- Wat gaan jy na hierdie eksamen doen?
- Hoekom wil jy dit doen?
- Hoe gaan jy dit doen? **[20]**

2.2 **FORMELE BRIEF**

'n Skelm het jou selfoon gegryp. 'n Polisieman het gesien wat gebeur het. Hy het die skelm gevang en jou selfoon teruggekry.

Skryf 'n **formele brief** aan die hoof van die polisiestasie. Vertel vir hom/haar wat gebeur het en sê dankie vir die goeie diens.

Gebruik die volgende adres:

Die Polisiehoof
Berea Polisiestasie
Posbus 1634
Johannesburg
0002

Dink aan die volgende:

- Wie was die polisieman en waar het die insident gebeur?
- Watter goeie dinge het die polisieman vir jou gedoen?
- Hoekom is jy dankbaar hiervoor? **[20]**

2.3 **DIALOOG**

Jou ouers het nie genoeg geld om jou te laat studeer nie. Jy het 'n beurs *(bursary)* gekry om te gaan studeer.

Skryf die **gesprek** tussen jou en jou ouer (ma/pa) neer. Vertel vir jou ouer(s) van die goeie nuus.

Dink aan die volgende:

- Wat is die goeie nuus?
- Hoe voel jy oor die goeie nuus?
- Hoe voel jou ouer(s) oor die goeie nuus?

Begin die gesprek só:

Ek: Ek het baie goeie nuus.

Ouer: Wat?

Ek: …

Ouer: …

**LET WEL:** Laat 'n reël na elke spreekbeurt oop. **[20]**

2.4 **TOESPRAAK**

Een van julle onderwysers het 'n pos as skoolhoof by 'n ander skool gekry. Jy moet 'n toespraak lewer om hom/haar geluk te wens en voorspoed toe te wens vir die nuwe pos.

Skryf die **toespraak**.

Dink aan die volgende:

- Wat is die rede vir jou toespraak?
- Watter goeie dinge het die onderwyser vir julle gedoen?
- Wat is julle goeie wense vir die onderwyser se toekoms? **[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 20**

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

Skryf 60–80 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

### VRAAG 3

3.1 **STROOIBILJET**

Jou dorp se munisipaliteit wil hê toeriste *(tourists)* moet julle area besoek.

Ontwerp 'n **strooibiljet** wat toeriste na julle area sal laat kom.

Dink aan die volgende:

- Watter plekke kan die toeriste besoek?
- Hoekom is dit goed om hierdie plekke te besoek?
- Waar kan die toeriste meer inligting kry?

**LET WEL:** Punte word vir inhoud toegeken, NIE vir versiering NIE. **[20]**

3.2 **KORT TEKSBOODSKAP (SMS)**

Jy wil saam met jou maats gaan vakansie hou. Jy het geld nodig. Jy vra vir jou ouer broer/suster om jou te help.

Skryf 'n **kort teksboodskap** vir jou ouer broer/suster en vra vir geld.

Dink aan die volgende:

- Waarom het jy die geld nodig?
- Wat gaan jy alles met die geld betaal?
- Vra dat jou broer/suster jou moet antwoord.

**LET WEL:** Jy mag NIE sleng of sms-taal gebruik NIE. **[20]**

3.3 **INSTRUKSIES**

Jy kry altyd goeie punte op jou rapport. Jou maat het jou gevra om vir hom/haar instruksies neer te skryf hoe om vir die eksamen te leer.

Skryf die **instruksies** in volsinne en puntsgewys neer.

Voorbeeld:

1. Soek 'n stil plek waar jy kan leer.
2. 
3. 

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou